-- Die Vaalpark Kothuis -- Mark --

Aangebied deur :
Henry en Marlene Franck
Te : Primêre Skool Lumière
Vaalpark
Tel : (016) 971 - 2790
Faks : (016) 971 - 3362
Sel : 083 - 231 - 7273

Die Winter 2020 Kothuismark is hier! Op 29&30 Mei
gaan ons weer die lewe met ons kreatiewe uitstallers se oulike
idees en entrepreneurskap met pure lekkerkry vier.
Die grootste doel is om op te bou en 'n verskil te maak;
Kom besluit self wie van hulle val so reg in jou smaak:
die veterane met hulle immergroen wêreldsgoed…,
die gevestigde een met genoeg ondervinding en moed,
óf die waaghalsige nuwe skepper van wonderlike, amper on-
moontlike nuwe planne, drome in die oë en beeldskone goed.

Hou tóg die Teetuin dop vir positiewe veranderinge
sonder dat ons te veel skade doen aan al jou goeie herinneringe
van tuisgebak, heerlike kuiers, samesyn en ander lekker dinge.

Handgemaak en tuisgebak is deurgaans ons eerste keuse,
en kwaliteit en waarde vir geld is sonder twyfel ons leuse.
Soos gewoonlik is daar weer iets vir oud en jonk;
ons gaan sorg dat jy na dese met iets spoggerigs kan pronk.
Maak dus verseker weer 'n gewaarborgde, vergenoegde draai
by dié kuns- en handwermark wat maar nog altyd koningkraai!

www.kothuismark.co.za info@kothuismark.co.za
https://www.facebook.com/vaalparkkothuismark/

Tye: Vrydag, 29 Mei: 09:30–18:00; Saterdag, 30 Mei: 08:30–15:30